LAERSKOOL MIKRO
*… waar kind nog kind kan wees …*

Telefoon: 021 –903 2126
E-pos: info@laerskoolmikro.co.za
Webwerf: www.laerskoolmikro.co.za

Spruitstraat
Kuilsrivier
7580

Posbus 53
Kuilsrivier
7579

1972-2022 50 Mikro

30/2022

13 September 2022

Geagte Ouers

1. **UIT DIE KANTOOR**

Ek was bevoorreg om verlede week die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (SAOU) se skoolhoofde-simposium in Port Elizabeth by te woon. Om saam met sowat 1000 simposiumgangers verskeie onderwyssake te bespreek, gee vir 'n mens nie net perspektief oor jou eie skool nie, maar ook van die hele onderwyslandskap in Suid-Afrika. Interessante sprekers het verskeie belangrike sake onder ons aandag gebring. Baie dankie aan ons Adjunkhoof, me Annarie Spreeth wat in my afwesigheid waargeneem het en aan me Thea Jordaan (Interne Adjunkhoof) wat haar bygestaan het.

Die hantering en bestuur van leerderdissipline is deesdae in alle skole baie meer uitdagend as in die verlede. Ook by Mikro is die uitdaging groot. Die druk op onderwysers in die handhawing van dag-tot-dag dissipline is geweldig hoog. Heelwat onderrigtyd gaan verlore aangesien ons personeel moeite doen om insidente te ondersoek. Dikwels praat leerders nie die waarheid nie, of hulle wil nie hul maats in die moeilikheid bring nie of is te bang om die waarheid te praat. Dit maak dit moeilik om op te tree en die korrekte straf vir alle partye te bepaal. Ons sal egter voortgaan om ons beste te doen om die skool 'n veilige plek vir almal te maak. Alle aanmeldings word ondersoek en ons vra dat u u kinders sal aanmoedig om nie stil te bly indien hulle oor iets ongelukkig is, of voel hulle word onregverdig behandel nie.

Hierdie kwartaal is ook reeds streng teen sommige leerders opgetree. Daar was verskeie afsprake met ouers van leerders wat al drie of meer detensies gesit het. Daar is twee leerders wat vir verskillende oortredings al tydelike skorsings uitgedien het, en die beheerliggaam sal verdere tydelike skorsing toepas, indien nodig. Dit bly egter 'n opvoedingstaak en ons wil graag vir kinders ook tweede/derde kanse gee, want hulle moet leer en kans kry om hul swak gedrag in positiewe gedrag te verander. Ons kan egter ook nie toelaat dat die meerderheid leerders wat goeie gedrag toon, onder ander se swak gedrag ly nie.

2. **KONSERT**

Neem asb. kennis van die konsertinligting soos reeds per brief aan u deurgegee is op 9 September 2022.

- Almal wat deelneem kom op Vrydag, 16 September 2022 met gewone klere skool toe.
- Leerders wat nie deelneem nie, kan op Vrydag, 16 September 2022 kies of hulle met skooldrag of met gewone klere wil skool toe kom.

3. **LANGTAFEL-ETE:** **WOENSDAG, 12 OKTOBER 2022**

Maak seker dat u betyds 'n kaartjie teen R350-00 per persoon by u klas se klasverteenwoordiger koop. Verkope sluit Maandag, 26 September 2022.

Moenie hierdie spesiale verjaardagviering misloop nie!

4. **PENVEERFEES 2023**

Die Penveerfees-reëlingskomitee en die beheerliggaam se dagbestuur het vergader om die haalbaarheid en die kostes verbonde aan die reël van 'n Penveerfees vir 2023, te bespreek. Ons het reeds vroeër die jaar met volgende jaar se reëlings begin en toe besef ons sal moet heroorweeg. Ons het tot die besef gekom dat ons in die huidige ekonomiese klimaat nie die risiko moet neem om heelwat uitgawes (bv. deposito's vir kunstenaars) aan te gaan en nie seker te wees ons gaan genoegsame wins maak nie. Dit raak ook toenemend moeilik om borge in die hande te kry. Ons wil graag eerder volgende jaar op kleiner fondsinsamelingsgeleenthede fokus waar ouerhuise/gesinne meer betrek word om algemene betrokkenheid te verbeter. Ons beoog om wel saam met volgende jaar se Jongtongfees, idees van die Penveerfees by hierdie kultuurfees te inkorporeer.

**Na deeglike oorweging het ons dus besluit ons gaan nie volgende jaar voort met 'n Penveerfees nie.**

5. **PYPKARRE – VRYDAG, 14 OKTOBER 2022**

Ons sluit die skool se Fees 50 - vieringe af met 'n heerlike pretdag vir die leerders op Vrydag, 14 Oktober 2022. Op hierdie dag gaan die leerders deelneem aan 'n pypkarresies, **"Mikro's got talent"** in die saal kyk en ook bederf word met 'n heerlike stuk verjaarsdagkoek. Al hierdie verrigtinge vind in skooltyd plaas.

Elke leerder ontvang vandag 'n borgvorm waarop hy/sy fondse kan insamel vir hierdie heerlike dag. U het die opsie om met kontant of Karri te betaal. Onthou asb. dat Karribetalings slegs van toepassing is indien u die volle R80 betaal. Karribetalings sluit Woensdag, 12 Oktober 2022 om 24:00. Alle borgvorms en gelde moet asb. teen ***Donderdag, 13 Oktober 2022 om 11:00***, terug wees by die skool.

Daar is 'n trofee op die spel vir die wenklas in elke graad. Almal wat 'n vol borgvorm terugbring, kom in aanmerking vir 'n gelukkige trekking. Stof solank daardie tekkies af sodat ons heerlik kan baljaar op Vrydag, 14 Oktober 2022!

6. **KERKDIENS: SONDAG, 16 OKTOBER 2022**

Op Sondag, 16 Oktober 2022 sluit ons 'n opwindende feesjaar af deur saam 'n kerkdiens by Kuilsrivier Suid-gemeente by te woon. Reëlings in dié verband volg later.

7. **GELUKWENSINGS**

Gimnastiek

MIANÉ BOSCH (gr. 6.3) het aan die Wes-Kaapse Gimnastiek Kampioenskappe te Saldanha deelgeneem (Vlak 4 Artistiese Gimnastiek) en is in die Wes-Kaap Gimnastiekspan ingesluit, wat vanaf 2 - 7 Oktober 2022 by die S.A. Gymgames te Centurion gaan deelneem. Veels geluk!

Voorspoed vir die week.

L.C. Mouton
**SKOOLHOOF**

VUMA

INTERNET PROUDLY SPONSORED BY:
coolideas
FIBRE INTERNET